Jongensfontein Inwonersvereniging
JIV
P O Box 86
Jongensfontein 6675

**JONGENSFONTEIN INWONERSVEREENIGING (JIV)**
**NUUSBRIEF MAART 2022**

**Geagte Lid,**

Hierdie is die eerste nuusbrief aan die lede wat die jaar die lig sien. Die doel van die nuusbrief is om lede in kennis te stel oor die doen en late van die JIV gedurende die laaste paar maande en wat ons toekomsplanne ook insluit vir die dorp.

**1. NUWE KOMITEE**

Die nuwe verkose komitee wat ingestem is op die AJV in Desember 2021 bestaan uit myself die Voorsitter, Celente Ellis as Sekretaresse/ Tesourier en ons derde lid Denise Marė wat `n permanente inwoner is op Jongensfontein.

**2. DESEMBER AKTIWITEITE**

Ek wil met groot dankbaarheid ieder en elke persoon bedank wat gehelp het met die Desember kunsmark, pannekoek verkope, skaapstertjie verkope en Lanternloop. Hierdie mark was ‘n reuse sukses, te danke aan almal se baie ure van harde werk en onbaatsugtige diens deur ‘n klein groepe van toegwyde mense.

**3. HERSTEL VAN DIE HOOFPAD**

Herstelwerk van die Hoof weg is weer hervat en ek is telleurgesteld om te rapporteer dat die progressie deur die Kaap Provinsie maar teen ‘n slakkepas vorder. Die dreineringstelsel is nog vêr van klaar af en die teer van die oppervlak het die week begin. Ons het nie ‘n beplande datum vir die heropening van die pad maar ek skat te minste nog 3/4 weke.

**4. SEKURITEIT**

Die geluk en opwinding van ons inwoners en vakansiegangers oor die Desember periode was in `n mate gedemp deur vandalisme in ons dorp. Die meerderheid van die insidente

kan grotendeels toegeskryf kan word aan adolosente, baie van wie net kuiergaste was in die dorp. Ons is aktief besig om sekuriteitsmaatreëls te ondersoek en in plek te stel vir die toekoms en sal binnekort nog terugvoer hieroor kan verskaf.

**5. <u>VERKEERSKALMERING.</u>**

Stoptekens in Jongensfontein word verontagsaam en baie motoriste wat spoed oortree in Daytona str. raak nou `n probleem. Ek het hierdie onder die aandag van die Verkeersdepartement gebring in Desember 2021, met vele versoeke dat daar aksie geneem word. Dit bleik asof die JIV se versoeke net op dowe ore geval het en dus is die saak nou by die Wykslid aangemeld vir verdere stappe om geneem te word.

**6. <u>JIV BAKKIE</u>**

Die JIV het aangedui dat hulle 'n klein bakkie benodig vir die belangrike allerdaagse take soos vullisverwydering, inspeksies en die uitvoer van algemene take. Te danke aan die besondere vrygewigheid van `n anomieme skenker was die JIV in `n posisie om 'n klein Bantam bakkie aan te skaf wat idiaal is vir die take.

**7. <u>ART 21 MAATSKAPPY.</u>**

Die JIV het onlangs geregistreer as `n artikel 21 Organisasie sonder winsoogmerk Maatkappy in terme van die Maatskappywet 71 van 2008. Die JIV as `n regsentiteit sal dus die "grys areas" van `n vereeniging meer formaliseer en sal bekendstaan as die JIV NPC, met drie direkteure in plaas van drie komitee lede.

**8. <u>"WILLIAM"</u>**

William is `n man van Riversdal wat twee keer per week op `n Dinsdag en Donderdag indiens van die JIV staan. Sy werk sluit die onderhoud van die vier hoof wandelpadjies

in, asook `n hele paar ander arbeidsintensiewe take. Hy is hardwerkend, betroubaar en `n werklike bate en aanwins vir die JIV.

**9. <u>PASTEL REKENKUNDIGE STELSEL</u>**

Die JIV stuur nou fakture en state uit wat op die stelsel gegenereer word. Hierdie opstel van die rekeningkundige pakket is die inisiatief van Celente Ellis die sekretaresse/ tesourier en ons wil haar bedank vir haar ure en laat nagte om die stelsel op die been te bring. Inkort het die JIV nou ‘n werkende en betroubare en volledige debiteure stelsel in plek .

**10. <u>LEVIES</u>**

Tydens die AJV in Desember 2021 was die levies van R 900 per jaar goedgekeur en ek wil graag alle lede wat dit reeds betaal het, bedank. Let asb daarop dat alle lede wat nie teen einde van April hulle fooie betaal het nie, ongelukkig van die email/Whattsapp lys verwyder sal word. Ondersteun asb die JIV, ons gee verseker ons beste vir julle en ons dorp.

11. **<u>TEN SLOTTE</u>……..**Sit asb die datum van Saterday 16de April in julle dagboeke vir die Paas Kunsmark wat sal plaasvind in Jongensfontein. Soos altyd sal daar ‘n verskeidenheid stalletjies wees wat n wye reeks produkte verkoop. Kom ondersteun gerus.

**GROETE,**

***JOHN WILLS***
**VOORSITTER**